Belangrike inligting vir fliekflooie

Die Jesus Projek beywer hom om die misbruik van die NAAM van die Here in die media aan te spreek.

U het moontlik die onlangse berig in die Rapport gesien. Beide Ster Kinekor en Nu Metro het hul in beginsel bereidwillig verklaar om 'n spesiale waarskuwing (klassifikasie) aan te bring

* by teaters regoor Suid Afrika
* die simbool "D" (Divinity)
* by die betaalpunt
* nie in die pers of ander plekke nie
* ter inligting sodat kykers ingeligte besluite kan neem .

"D" dui daarop dat die Naam van God in 'n bepaalde produksie meer as een keer "gebruik" word.

Dit maak nie 'n beoordeling van die gebruik nie maar gee slegs inligting soos wat 'n " V" vir geweld nie die geweld beoordeel nie maar slegs inligting gee .

In die praktyk weet gelowiges uit ervaring dat die "gebruik" waarskynlik 'n misbruik is . Gelowiges moet dus self besluit of hulle willens en wetens hulself wil begeef in 'n vertoning waar die Naam van die Here misbruik word . Die Jesus Projek wil mense se gewetens op geen wyse bind nie maar vooraf inligting gee .

Hierdie proses moet egter nog implementeer word en kan geruime tyd neem . Sekere belangrike logistieke moet nog uitgewerk word alvorens die proses effektief kan verloop .

Intussen het ons met 'n baie senior en geloofwaardige filmresensent gereël om inligting aan ons deur te gee oor rolprente wat hy gesien het met betrekking tot die gebruik van God se Naam daarin. Hy dui die volgende aan

* dat gebruik van die Here se Naam voorkom asook die frekwensie daarvan
* somtyds is die gebruik kontekstueel verstaanbaar (gemotiveerd) en mag die fliek tenspyte van die misbruik 'n positiewe boodskap dra.

UITEINDELIK MOET ELKE MENS VIR HOMSELF BESLUIT

Die volgende films word eerdaags bekendgestel. Die feit dat die Naam van die Here daarin gebruik word, die frekwensie en ander tersaaklike inligting word in hakies aangedui.

1. National Security (3 keer)
2. Chicago (4 keer)
3. Far from heaven (3 keer)
4. Catch me if you can (4 keer)
5. Gangs of New York (4 keer)
6. Night Falls (4 keer)
7. God is African (2 keer)
8. Undisputed (3 keer)
9. Final Destination (2 keer in erge graad)
10. The Hours (5 keer in een toneel, onderspeel en nadenkend, uitnemende fliek)
11. 25 th Hour (erge lastering)
12. The Emperor's Club (5 keer , kontekstueel gemotiveerd, fliek bevat 'n baie positiewe boodskap)
13. Adaptation (3 keer, kontekstueel gemotiveerd)
14. Rules of attraction (uiterse erge graad)
15. City of God – Geen
16. Real women have curves – geen
17. Slap her she's french – gering
18. My little eye – erge graad
19. The Pianist – gering en in konteks
20. Daredevil – 3 keer
21. Narc – erge graad
22. The quiet American – 3 keer
23. Confessions of a dangerous mind – dikwels
24. Knockaround guys – verskeie
25. Moonlight mile – erge graad
26. How to loose a guy in 10 days – 2 keer
27. Basic – dikwels

Daar is ook 'n video waarin die misbruik van die Naam van die Here voorkom tw

feardotcom (erge lastering)

Belangrik: Terwyl ons alles in werking stel om kykers vooraf te waarsku kan dit gebeur dat 'n bepaalde rolprent nie gesien is nie, derhalwe nie 'n aanbeveling gedoen word nie, of dat 'n gebruik van die Godsnaam verbyglip. Soms word die Naam van die Here so subtiel / onhoorbaar / binnensmonds geuiter dat dit selfs onseker is wat presies gesê is. 'n Voorafskou kan tog nie oor en oor gedoen word totdat die resensent hom vergewis het wat presies gesê is nie. Verder word films nie met draaiboeke uitgereik nie. Dit sal jammer wees as die hele oefening vanwee sulke verstaanbare situasies skade lei. Elke nuwe inisiatief het geboortepyne, derhalwe vra ons begrip en verdraagsaamheid. Verder moet navrae in die verband aan die Jesus Projek gerig word en nie die betrokke Teater nie. Ons het die finale verantwoordelikheid vir die betrokke klassifikasie en nie die teater nie .

Nee vir Onderwysplan

In die jongste tyd krap voorstelle van die agbare Minister van Onderwys, Kader Asmal, gelowiges behoorlik om. Die beleid verbied klaarblyklik godsdiensbeoefening in skole en vervang dit met godsdiensonderrig. Verskeie instansies het die minister met regsaksie gedreig indien die beleid deurgevoer word. Die jeugkommissie van die NGK het aangedui dat Christene hul na die konstitusionele hof sal wend indien nodig.

Christene maak uiteindelik hul stem dik.

Christene van integriteit

Die Jesus Projek wil nie die gewetens van mense bind nie . Elke gelowige het die voorreg en verantwoordelikheid om self te besluit wat hy wil doen met die inligting wat deur hierdie koerant gegee word . Die Jesus Projek suggureer graag die volgende :

- Dat die eer van God vir my vooropstaan en dat ek op geen manier aandadig wil wees aan die ontheiliging van sy Naam nie
- Dat ek myself sal bewyer om self sy Naam met eerbied en verwagting te gebruik in gebed en getuienis
- Dat ek hiermee alle instansies, met name die SABC, UKKSA, FPR, verspreiders van films in Suid Afrika asook video winkels, die gedrukte media, ens. wat op direkte of indirekte wyse betrokke is by die aftakeling van eerbied vir God deur die misbruik van sy Naam toe te laat of te beoefen ernstig oproep om daarmee op te hou
- Dat ek, indien die media die redelike verwagtinge van gelowiges in hierdie land in die verband langer verontagsaam, met integriteit en 'n Christus gesindheid , maar met erns, my invloed sal laat geld deur:

* Volgehoue protes gerig aan strategiese persone by die betrokke instansies
* 'n verbruikersboikot van alle adverteerders wat produkte en dienste bekendstel en adverteer in programme wat die Naam van die Here misbruik word, met kennisgewing aan die betrokke adverteerders, sodat hulle druk op die betrokke instansie kan uitoefen
* volgehoue en deurdringende gebed
* Deel te neem aan 'n nasionale inisiatief om die erns van hierdie saak te kommunikeer. (Sien bladsy 8)
- Die nasionale plan van aksie te ondersteun.

Gee hierdie koerant aan iemand anders om te lees as jy daarmee klaar is

Twee splinternuwe CD's



Jannie Pelser, organiseerder van die Jesus Projek en bekende Gospelsanger het pas 'n nuwe CD uitgereik. Die CD met die uitsonderlike naam " Leer" wil aanmoedig om te bly groei as gelowiges. Die liedere sluit verskeie eie komposisies in waaronder "Openb 5:13" en die "Huweliks-lied". Daarbenewens is daar talle opwindende liedere waarvan sommige hul oorsprong in die herlewing in Ierland het.

"Exalté" is die naam van 'n nuwe Gospelsanggroep. Cassie, Sollie en Jannie vorm die driemanskap wat 'n uitsonderlike aanvoeling vir mekaar het. Bekende liedere soos die "Houtkruis" en "Sing en Lag en Dans" klink splinternuut. "Change my heart" en "Gekruisigde hande" bring trane in die oë.

Jannie Pelser en "Exalté" asook verskeie ander bekende kunstenaars is beskikbaar om landwyd by gemeente funksies te bedien. Skakel 011 665-2516 vir besonderhede.

Bg. CD's is beskikbaar by goeie musiekhandelaars asook Brettian platemaatskappy 011 453-1432 en 011 665-2516